



Landlyn (018) 473 5354 Faks: 086 622 5363 E-Pos: info@crossroad-ministries.co.za Adres: 94 Dickens Avenue, Orkney, 2619
**Crossroad Gospel Message (Pty) Ltd FNB Account Nr 62355533540, Branch Code 250655**




**Dis die vraag wat ek myself gevra het toe die laaste paar dae van 2012 uitgeloop het. "Lewe EK regtig??"** Ek en Francois het 'n groot behoefte gehad om weg te breek vir 'n paar dae as gevolg van die geweldige druk wat 2012 op ons geplaas het en ook om gesondheidsredes. Ons moes perspektief kry oor ons lewe en ons bediening...dinge het net begin sneebal en ons het ervaar hoe ons begin swig onder die geweldige spanning en vereistes van die bediening.



**Op 'n ligter noot....** Ons is sak en pak weg Hartenbos toe met die Isuzutjie en Tinus Maree, 'n dierbare vriend van ons se Fleetline 5 karavaantjie. Wat 'n uittog! Ons het ons kleinkind, Sorétjie en seun, FC saamgevat, maar jojo... As jy die wind van agter kry, kon jy so 100-120 km/h ry, maar o wee.. As die wind van voor was en jy klim die Robinson pas boonop...net 40km/h!! Dit was 'n LAAAANG pad en arme Sorétjie het later vir haar oupa gevra: *"Oupie, weet jy nie waar die see is nie?"* Wel, ons het darem by die see uitgekom en die 6 dae wat ons kon rus tussen al die ryery deur het voorwaar gemaak dat ons weg van alles en almal kon kom om ernstige besluite te neem vir 2013!



**LEWE JY WERKLIK?** Ons het agtergekom dat ons in 2012 net krisis bestuur toegepas het! Ons het wel datums en strukture in plek gehad, maar ons het vir alles en almal "JA" gesê! Die tye wat ons vir onsself uitgesit het, is opgeslurp deur ander dinge en versoeke van mense. Ons het werklik teen Oktobermaand gesteier van een week na die volgende en ons besef dat dit verseker nie God se idee is van bediening nie! Ons moes boeke vat en besin oor ons lewe! Ons het begin om alles in oënskou te neem en die belangrike besluite geneem wat ons lewe meer sal organiseer en vir ons ook tyd sal gun om te RUS! Ons besef nie hoe belangrik dit is dat ons siel & liggaam moet rus nie. Ek besef nou eers hoekom God dit self nodig geag het om na 6 dae te rus! *(Eksodus 31:17 Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken; want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik.)* As God gerus het...hoeveel te meer MOET ons nie ook TYD MAAK om te rus nie. Kwaliteit tyd!

**Ons liggame is die tempels waarin God se Gees opereer** *(1 Korinthiërs 6:19 Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?)*, maar as die liggaam moeg en mat is, kan jy nie die helfde doen waartoe jy instaat is nie. God se Gees kan nie volkome werk deur 'n afgetakelde liggaam nie, want jy het jou liggaam nodig om te doen wat God vra

# BEPLANNING!!!

- Ons het **datums geboek** vir ons NW Bikers Church se kerkdatums (elke 2de naweek),
- wanneer ons mense gaan doop, kinders gaan toewy, vergaderings gaan hou en ons het vir elkeen in ons kerk sy/haar blaadjie gegee sodat hulle kan WEET!
- Ons het **ons privaat selnommers afgehaal** van alle lyste en 'n unieke **DEDICATED LINE 071 551 8191** geskep vir ALLE navrae. Hierdie selfoon word deur Connie Claassens, ons Kerkkantoor Koördineerder, gedra en sy sif al die oproepe sodat ons nie heeldag met sake belas word wat sy kan uitsorteer nie. Baie dankie Connie vir jou bydrae tot 'n stressvrye 2013!!!
- Ons het ons dienste beperk tot mense binne in ons raamwerk. **ONS KAN NIE DIE HELE WêRELD RED NIE!** Dit klink seker wreed, maar ons moes 'n lyn trek. Mense wat geensins verband hou met ons nie, bel ons en verwag ons moet onmiddelik hul probleme oplos, hul kinders trou, hul tannie begrawe of hulle huisraad trek! Gewoonlik verdwyn hulle tussen neus en ore nadat ons hulle gehelp het en ons is vodde.
- Ons het vir ons almal wat betrokke is by ons bediening, **werksprogramme uitgewerk** sodat ons bediening se werk nie agter kan raak nie. Van dae wat ons websites doen tot dae wat ons databassisse opgradeer of boeke doen en dit werk soos 'n bom!!! Nou sit ek nie meer tot 01h00 in die oggend met werk agv 'n mal, deurmekaar dag wat my tyd onnodig gesteel het nie of wat ek "ja" gesê het vir iets wat nie my werk is nie.
- Ons het by ons **skoonmaakroetines by ons huis geimplimenteer**. Ons huishulp weet presies wat sy moet doen en dit skakel vir ons baie druk uit, want ons huis word sistematies oor 'n 8 weke siklus skoongemaak.
- Die VandenBergh het tot 'n **spyskaart wat elke 2 weke roteer**! Ons hoef nie elke dag Spar toe te ry agv GEEN beplanning nie. Dit is 'n ongelooflike lekker gevoel as jy weet wat jy moet maak vir ete!!!
- Datums vir ons **AF-NAWEKE** is uitgesit en ons gaan **HOU DAARBY**!!!

Dit mag dalk na malligheid klink, maar ons is nou in ons 2de week en ons is ander mense! **Ek en Francois se huwelik is 100x rustiger, want ons spanningsvlakke is nie meer 8+ nie!**

**BESLUIT VANDAG om ook jou LEWE in oënskou te neem...**ons het besef dat ons nie meer LEWE nie. Ons gaan net deur die "motions" en ons lewe het een groot klug geword! **Vra die Here vir wysheid en insig in jou situasie, want Hy gee dit vir jou met die grootste liefde! Begin vandag nog te LEWE!!!**

## DEDICATED LINE



* General Enquiries
* Emergencies
(Accidents/Death/Hospital)
* Councelling

**071 551 8191**

# JY HET NET 1 LEWE...LEEF DIT!

## CALENDAR 2013

North West Bikers Church – Run with Fire

| | | | |
|---|---|---|---|
| JAN | 13/01 | 27/01 | |
| FEB | 10/02 | 24/02 | |
| MRT | 10/03 | 24/03 | |
| APR | 14/04 | 28/04 | |
| MAY | 12/05 | 26/05 | |
| JUN | 09/06 | 23/06 | |
| JUL | 14/07 | 28/07 | |
| AUG | 11/08 | 25/08 | |
| SEP | 08/09 | 22/09 | |
| OKT | 06/10 | 20/10 | |
| NOV | 03/11 | 17/11 | |
| DEC | 01/12 | 15/12 | |

BABY DEDICATION
NEW MEMBERS & BAPTISM

NAGMAAL
COMMUNION

**Dedicated Line**
**071 551 8191**
**Hospital/Death/Accidents
(**Members only)
General Enquiries
**CHARITY @ 074 897 3444**
**Annelize Herzelman**
www.nwbikerschurch.co.za
admin@nwbikerschurch.co.za

Ons
DEDICATED LINE
is oop vir publieke navrae, & nuwe bekeerlinge
MAAR
siekte, dood, ongelukke, welsyn, berading ens is beperk slegs tot ons
NWBC Lidmate & Kruispad Konings








# MINI SA GOD RALLY

# 31 Nov & 2 Des 2012



Hierdie was sommer 'n heerlike naweek (al het dit katte en honde gereën op 'n stadium)!

Die doel van die **SA GOD RALLY** is bloot om vir mense te wys dat ons as kinders van die Here ons lewe ten volle kan geniet op 'n eerbare wyse en 'n heerlike tyd saam kan hê en so ook **JESUS** kan wees vir ander sonder om mense te Bible punch of met die Evangelie te konfronteer.

Hierdie rally was dus nie net eksklusief vir Christene nie, maar oop vir enige persoon, ja die grootste sondaar was welkom. Ons judge nie, ons gee net onvoorwaardelik liefde!

Uit hierdie rally het so **'n groot getuienis** gevloei. 'n Regte old school biker het sy daggazol gaan rook in die toilette en iemand het hom gekonfronteer daaroor. Hierdie biker begin toe met die persoon wat hom konfronteer oor die Here praat (hulle ken die Skrif baie goed) en op die uiteinde is hul altwee in trane en die biker het intussen opgehou met dagga rook en drink, hy het vir Francois kom sien en **sy lewe oorgegee aan Christus**. Ons sal sy volle getuienis binnekort vir julle met sy toestemming publiseer!!!



Die Sondag het ons 'n heerlike **Boma Lofprysingsdiens** gehou en ons sê baie dankie vir ons **Worship Team: Stefan du Plessis, André en Tony Steyn!**



Daarna het ons 'n awesome **DOOPDIENS** gehou en ons het **8 mense gedoop**! Van hulle was mense wat God verlos het van dwelms, drank, wellus...dankie Jesus! As die Seun van God jou vrymaak...is jy waarlik vry! Moet **NOOIT SELF PROBEER** om vry te kom nie!

**SA GOD RALLY 2013**

Ons het na vele oorweging besluit om hierdie rally slegs 'n **eendag rally** te maak en dit sal op 'n **Sondag** plaasving in Klerksdorp. Die **DATUM** sal spoedig aan julle deurgegee word.





# Huwelikskampe 2013




Die datums is vasgemaak alhoewel ons nog vir venues wag om te bevestig en ons spoedig die finale pryse en venues sal aankondig! Ons gee egter vir u solank die datums deur sodat julle solank jul dagboeke kan nadertrek. Hierdie gaan 'n onvergeetlike naweek wees wat jul lewens en huwelik sal verander! Ongelukkig het ons **beperkte plekke** (van die venues kan net 15 paartjies akkomodeer)



## Kalahari : 3-5 Mei

**Venue: Duin in die Weg,** 'n pragplek slegs **68km** buite **Upington**.
**Kostes : R1100** per couple (etes, luukse dubbelkamer, leerstof ingesluit)
**Kostes : R980.00** per couple (etes, kampeerterrein, leerstof ingesluit)
**Besprekings: Sharron @ 082 949 9779** of **Connie @ 071 551 8191**
**SLEGS 25 COUPLES!! - Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom!**






## Koster, Noord-Wes: 16-18 Augustus

**'n Winter Huweliksnaweek, weg van die stad in die natuur op een van die mooiste, luukse wildsplase ooit! Luukse kamers met eie badkamers, kaggelvuurtjie en lekker kos terwyl ons baie gaan leer en wys word!**

**KOSTES:** R1450.00 per couple (etes, akkomodasie & leerstof)
**VENUE:** SHAMMAH GAME LODGE
**http://www.shammahgamelodge.co.za/home_page.php**
**Besprekings: Connie @ 071 551 8191**
**SLEGS 15 COUPLES!!**






## KOSH Area, Noord-Wes

## 8-10 November 2013

Hierdie huweliksnaweek sal ons KOSH area rondom Klerksdorp plaasvind en ons wag nog vir finale pryse en bevestiging van die venue.

Besprekings kan reeds gedoen word by **Connie @ 071 551 8191**

**NB:** Daar sal dagbesoekers tariewe vir al ons venues wees vir paartjies wat nie kan oorslaap nie.
Pryse op aanvraag beskikbaar

**Onderwerpe wat aangespreek gaan word....bl5**



# Huweliksnaweek




**Daar is soveel wat 'n mens kan sê oor die HUWELIK of enige VERHOUDING, maar wat is GOD se wil en plan vir ons HUWELIK? Daar is soveel vrae...**

**HOEKOM** verwyt ons mekaar vir alles wat skeefloop?
**HOEKOM** skei mense na 20 of selfs 40 jaar??
**HOEKOM** loop huweliksmaats rond?
**HOEKOM** is ek kouer as die yskas?
**HOEKOM** slaan my man my?
**HOEKOM** is my vrou met niks tevrede nie?
**HOEKOM** is ek nie meer goed genoeg nie?
**HOEKOM** is sy heeltyd op haar BBM?
**HOEKOM** moet ons trou?
**HOEKOM** kry ek nie meer aandag nie?







**HOEKOM? HOEKOM? HOEKOM?**

## ONS IS 'N LEWENDE GETUIENIS!



Ek en Francois is al 25 jaar getroud en miskien is van julle wat nou hier lees al baie langer getroud.

Ek en Francois het vir amper 12 jaar van ons getroude lewe mekaar letterlik verwoes! Ek dink nie ons het die verskil tussen HAAT en LIEFDE verstaan nie, want ons was nou in die bed met vuurwarm passie en die volgende oomblik was die hel los!

Ons kinders het hieronder gely, daar was derdepartye, geweld, verbale vernietiging, drank en die lys gaan aan!

Toe ons Jesus opnuut aanneem en selfs toe ons in die bediening begin staan het, was daar nogsteeds jakkalsies in ons wingerd...

Ons kon al soveel couples help deur net te getuig van ons eie lewe en God het werklik alles ten goede laat meewerk sodat ons nou met groot wysheid huwelikskampe kan aanbied en bykans enige faset kan hanteer.







Elke kamp is uniek en ons vloei saam met die Heilige Gees sodat God 'n volmaakte werk kan doen en elke paartjie verfris, vernuwe en versterk sal weggaan huistoe!
AMEN

**Ons verleentheid het God omgedraai in 'n geleentheid en Hy wil dit ook vir julle doen! Francois & René**






Dit is vir ons 'n groot voorreg om hierdie jaar se datum vir ons jaarlike **Profetiese Vrouekamp by Deo Gloria, Barkley Wes** aan ons vroue deur te gee! Ons voorbereiding het reeds begin en hierdie jaar gaan sonder uitsondering weer 'n absolute hoogtepunt wees!! Die van julle wat verlede jaar se kamp bygewoon het, sal kan getuig dat die Here GROOOOOT dinge gedoen het en elke jaar het Hy vir ons iets nuuts en vars instoor, amen!!

## 'n Paar nuwe reëlings tov ons kamp hierdie jaar:

- Besprekings kan gedoen word by **Connie @ 071 551 8191** (**enigste nr vir bespreking!!!**) of **aanlyn** op ons **webtuiste www.crossroad-ministries.co.za** of per **FAKS 086 622 5363 (skakel met Connie vir Besprekingsvorm as jy per faks wil bespreek asb)**
- Ons aanvaar **GEEN** ander besprekingsmetodes nie (facebook, e-posse, smse na ons privaat nrs toe ens) Dit maak vir ons die stelsel net baie makliker en ons vra almal se samewerking!!
- Koste sal **R320.00pp** beloop (aanpassing agv van kos en akkommodasie se stygings) **Pensionarisse (60+) = R280.00** en **Kinders: 5-12jaar = R250.00**
- **GEEN inbetalings word hierdie jaar gedoen nie.** Gelde word **by die KAMP** self betaal! Ons het slegs jou inskrywing nodig om vir jou voorbereiding te tref!
- **Bustarief: R220.00pp** Hierdie gelde word ook **by die KAMP** self betaal.
- **SLEGS BORGE** se donasies word inbetaal op ons **Crossroad Gospel Message** se rekening: **FNB 62355533540, Takkode 250053, Verwysing: Van & Selnr** **Ons bedank reeds elke borg wat hierdie kampe jaar na jaar dra tot uitbreiding van God se werk! Die getuienisse is so groot!**
- **Profetiese Danse** welkom: **Maksimum 2 Danse per groep en 1 per Solo**

# BESPREKINGS VIR 2013 AMPTELIK OOP!

Afrikaanse Christelike TV-Kanaal

# Ons 10:30 tydsgleuf staan voor 'n kruispad...

**Die Probleem:** Ons is sedert **14 September 2012** op 'n **off-peak slot op Kruiskyk** en dank die Here vir die geleentheid wat ons kon hê. Ons het egter soveel navrae gekry van ons Kuispad Konings, vriende en almal wat ons ken om asseblief te kyk na 'n ander slot aangesien ons **Vrydae oggende 10:30** op die lug was en niemand regtig hierdie tyd kan kyk na ons uitsendings nie.

**Wat is die volgende stap?** Ons moet so vinnig as moontlik probeer om finansies te genereer om na 'n **peak-tyd slot** te beweeg en die **koste implikasie is R6000.00 per maand**. Ons kry **1 uitsending in 'n peak-tyd** en 'n **gratis herhaling** in 'n **off-peak tydslot**.

**Borge:** Ons sal elke borg adverteer tydens ons uitsending en vertrou dat dit ook vir hulle goeie blootstelling sal gee afgesien van die saad wat hulle saai in God se werk!

**BID ASB SAAM MET ONS DAT DIE HERE SE PERFEKTE WIL GESKIED! ONS WIL 100% IN SY WIL WEES EN AS ONS UITSENDINGS NIE MOET VOORTGAAN NIE, AANVAAR ONS DIT OOK SO.**

# Word for Teenagers

Northland College principal John Tapene has offered the following words from a judge who regularly deals with youth.

*"Always we hear the cry from teenagers, 'what can we do, where can we go?"*

"My answer is this: Go home, mow the lawn, wash the windows, learn to cook, build a raft, get a job, visit the sick, study your lessons and after you've finished, read a book. Your town does not owe you recreational facilities and your parents do not owe you fun.

**"The world does not owe you a living, you owe the world something. You owe it your time, energy and talent so that no one will be at war, in sickness and lonely again.**

**In other words grow up, stop being a cry baby, get out of your dream world and develop a backbone not a wishbone.**

*Start behaving like a responsible person. You are important and you are needed. It's too late to sit around and wait for somebody to do something someday.*

**SOMEDAY IS NOW AND THAT SOMEBODY IS YOU!"**



# BUSFONDS VISIE

Delarey van Huysteen en Francois Oosthuizen is die direkteure van 'n baie jong opkomende maatskappy wat spesialiseer in brandstof kontrole sisteme wat besig is om die land met 'n groot impak te tref ! Alhoewel dit 'n relatief nuwe besigheid is en hulle finansieël nog in 'n groeiproses is, staan hulle vas op God se saai en maai beginsel! Hulle het by die Here gaan vra waar moet hulle saai en dit is wat God vir hulle gewys het:


**NEWCOM FLUID MANAGEMENT (PTY) LTD**
*Registration nr: 2008/022529/07*
*Tel: 082 371 9582 / 082 700 1512*
*Email: admin@newcomfluid.co.za*


***"Open 'n fondsrekening vir hierdie bussie waarin julle NEWCOM se saad moet saai. Maar ook sodat verskeie mense deel kan word van hierdie belofte. My seën sal op hierdie fonds en elkeen se saad rus."***

**Crossroad Bus Fonds**
**FNB 62337860177**
**Takkode: 250053**

## Wil JY deel wees van hierdie wonderwerk?

**Fonds 4/11/2012**
**R88 646!!!!**

- **Besighede:**
- Kruispad sal vir enige bedrag van **R5555+** (**kan oor 'n termyn betaal word**) u onderneming op die bussie adverteer (15x10cm) asook op ons **webtuiste**.
- 
- **INDIVIDUE:**
- Here wys die bedrag van **R555+** oor 3 mnde of eenmalig.
- **Volledige lys van al ons borge sal op ons website verskyn saam met die groot GETUIENISSE!!!**



## GOD RIG KONINGS OP, NIE 'N MENS NIE!

# Ons weet dat God in beheer is!

# DIENSTYE / SERVICE TIMES 2013

| JAN | FEB | MRT | APR | MAY | JUN |
|---|---|---|---|---|---|
| 13/01 | 10/02 | 10/03 | 14/04 | 12/05 | 09/06 |
| 27/01 | 24/02 | 24/03 | 28/04 | 26/05 | 23/06 |

**PLEK/VENUE: MAYFAIR VILLAGE**
(op die R30 roete tussen Klerksdorp en Orkney op regterhand net voor Mary Land)
**DIENSTYE / SERVICE TIMES: 09H00**

## Onthou! Ons deure staan oop vir almal.. biker of non-biker!

So baie mense vra ons: "Moet ek **'n bike** hê om na julle kerk te kom?" Hehe! Die antwoord is: **"NEE!!!!"** Ons is biker friendly, maar **ALMAL** is welkom! Jy hoef nie wiele te hê om kerk toe te kom nie!



**Wat dra jy op jou rug?**



Ons **boodskappe** word so **eenvoudig moontlik** bedien en is gewoonlik baie **visueel** met **kragtige demonstrasies** en **powerpoints**! Hierbo was bv 'n diens oor die **baggasie wat satan op jou rug sit** en hoe Jesus deur **Sy kruisdood en die Heilige Gees** vir jou moontlik maak om dit **af te gooi**! **Selfs 'n kind kan dit verstaan!**

## Audio CD's van elke diens beskikbaar @ R20 elk

# www.nwbikerschurch.co.za

Besoek gerus ons webtuiste! Vir diegene wat graag wil lidmate word, kan julle ons aanlyn aansoekvorm voltooi. Indien jy net 'n gebedsversoek of navraag het, e-pos vir ons na **admin@nwbikerschurch.co.za** of skakel ons by **071 551 8191**

**NORTH WEST BIKERS CHURCH, FNB 62285123841. TAKKODE 250053**




## Crossroad Bikers Church Network SA & Namibia

Head Office: (018) 473 5354 info@crossroad-ministries.co.za
www.crossroad-ministries.co.za

| CBCN CHURCHES | | |
|---|---|---|
| NORTH WEST | PS FRANCOIS V/D BERGH | 079 498 6099 |
| WEST RAND | PS JOHAN VAN ECK | 082 371 2625 |
| CENTRAL JHB | PS JOHAN VAN ECK | 082 371 2625 |
| EAST RAND | PS BRETT MCDERMID | 083 258 8271 |
| PRETORIA | PS COBUS SIEBRITS | 082 435 4262 |
| VAAL TRIANGLE | PS WYNAND VIVIERS | 084 973 9601 |
| WESTERN CAPE | PS WILLIAM LAUBSCHER | 082 949 9610 |
| STELLALAND | PS JOHAN MEINTJES | 072 257 4876 |
| MARITZBURG | PS PIERRE MAREE | 082 870 0722 |
| MPUMALANGA | PS HELEEN WALKER | 079 526 4622 |
| WEST COAST, NAM | PS PIETER FOX | +264811242523 |
| SABIE | PS SEAN BUSHNEY | 072 455 6565 |
| LOWVELD, NELSPRUIT | PS HENNIE ERASMUS | 082 852 6833 |
| RICHARDS BAY | PS ALAN LAWRENCE | 082 377 9559 |
| NYLSTROOM | PS ANDRé DE BEER | 083 270 5305 |
| **CBCN MINISTRIES** | | |
| CBCN OUTREACH | PS ORF OOSTHUIZEN<br>PS SMOKEY JOUBERT | 0837524441<br>0797366719 |
| STUNTERS4CHRIST | PS WILLIE BRUWER | 082 417 5730 |

Upcoming
**Brother 2 Brother**
Conferences 2013

**Dates:**

## 22-23 March
## 9-10 August

**Our CBCN churches & ministries will join in this wonderful events to build stronger relationships & brotherhood.**

**Every CBCN church stand autonomous, but we are a network of brothers & sisters who pray & care for each other.**
**We stand in unity to underpopulate hell and to overpopulate heaven by the Power of the Holy Spirit.**

**AMEN!!**

**TOGETHER WE ARE BETTER!**

# JOIN US???

# 'n Stukkende lappie aarde word stukkie vir stukkie weer heelgemaak...









**Verlede jaar het ons op 'n stadium getwyfel aan hierdie opdrag...** Ons het werklik so magteloos gevoel, want dit het net begin voel asof elke sent wat ons spandeer om hierdie lappie aarde op **Makwassie** te restoreer, in een groot gat verdwyn!

Ons het reeds in **2008** hierdie eens stukkend gedelfte grond gekoop **(4400m²)** met 'n vervalle geboutjie wat eens in 1905 verseker 'n pragtige huisie moes wees, 'n mooi kameeldoringboom, 'n paar ander bouvalle en 'n stukkende french drain! Alles vir **R36 000!!**
*(ons het ons enigste karretjie op daardie stadium en 'n koekblik vol ou 5 shillings verkoop en die stukkie aarde gekoop...hehe!)*

# "EK wil mense hier heelmaak..."

Dit was God se **OPDRAG** en Sy finale **WOORD** aan ons. Makwassie moet **PLEK VAN RESTORASIE** genoem word en op hierdie gronde moet 100de mense **HEELGEMAAK** word. **MAAR EERS** moet hierdie huisie en gronde **HEELGEMAAK** word en dit was en is steeds vir ons die **grootste geloofsaak ooit**!!!



In **Desember 2008** het Braam & Riana Swanepoel, hul kinders en Oupa Sakkie & Tannie Joy, dierbare vriende van ons en **Kruispad Konings**, besluit om handjie te kom bysit en ons het begin om heinings te span, 'n bad en toilet ingesit. basiese krag toevoer aangelê, vensters vervang en nog 'n paar noodsaaklike dinge gedoen.
**Ons wou die mure se gate toemaak en verf sodat ons kon klaarkry....**

**...maar toe het die Here ons oë oopgemaak en hard met ons gepraat...Ons moet hierdie huisie en grond <u>deeglik</u> restoreer, want as Hy <u>MENSE HEELMAAK</u>, doen Hy dit <u>deeglik</u>!**

# 'n Pynlike proses begin...



Ons planne om hierdie plekkie two-ticks reg te klap het skielik soos mis voor die son verdwyn en ons oë, ore en harte het begin sien, hoor en ervaar wat God wil hê. Ons kon eintlik vir Braam hulle soveel moeite, tyd en geld gespaar het, maar hulle was verseker deel van God se plan om ons harte en gees reg in te stel vir die eintlike, groot opdrag...

# Kap af, kap uit, VERSTERK!





Francois het heel eerste begin om die **swakste buitemuur** te herstel en ons het ook 'n **behoorlike stoep** omtrent reg rondom die huisie gegooi. Krake so groot soos 100mm deursnee PVC pype in die vloere is oopgekap en heelgemaak. Dit het die ou huisie sommer braaf laat voel, maar glo my ons sakke het nie so braaf gevoel nie, want arbeid en boumateriaal is beslis nie goedkoop nie!

**Ons het maar gewerk soos wat die Here finansies voorsien het en soms het dit net gevoel dis 'n nuttelose put, maar ons het aangegaan...**

**ELKE MUUR IS GESTROOP, VERSTERK MET OGIES-DRAAG en GEPLEISTER...MET LIEFDE!!**

Dit was 'n laaang proses so tussen al ons ander werk deur en ons moes staatmaak op casual bouers wat soms groot nonsens aangejaag het en dan moes alles maar weer oorgedoen word, want God soek ons **ALLERBESTE**!



Dit klink dalk of hierdie werk in 'n japtrap gedoen kon word. Ja wel, as jy die mannekrag en finansies het, verseker! Maar ons moet stukkie vir stukkie werk soos wat ons fondse inkry en soms verloop daar amper 'n jaar voordat ons verder kan werk. **Ons is nou reeds amper 5 jaar besig op Makwassie. Kan jy dit glo???**





## Ons begin die grond gelykstoot..



## Amper 5 jaar is al verby...



## Francois slaap in ons kerk trailer in die middel van die winter...



# Die Visie...

**Wanneer Makwassie voltooid is, sien ons in ons geestesoog die volgende:**

- 'n **Kantoor & Video Studio Kompleks** (staalkonstruksie van 9 x 12m)
- 'n **Saal (+/- 100 mense, kombuis, store** (staalkonstruksie van 9 x 12m)
- **Ablusie** geriewe vir mans en dames
- **12 Kamers** (48 persone)
- **Boorgat & Dam** om eie water te pomp
- **Perdestalle** vir 2 perde (Terapeutiese bediening) & 'n **Swembad** (vir swem en doop!)



**Ons wil klein groepies mense op 'n naweek of deur die week soos nodig bedien en gebruik maak van vrywillige beraders om intensiewe berading te doen waar nodig. Ons gaan groepe identifiseer bv slagoffers van misdaad, verkragting, egskeiding, verlies van werk, selfmoord gevalle, tieners ens.**







Ons het naastenby al **R85 000+ ingesit in herstelwerk** aan Makwassie en ons wil uit **die diepste van ons harte dankie** sê vir elke persoon wat al 'n bydrae gemaak het om vir ons te help om hierdie plek tot sover te bou. Ons mag nie en wil nie 'n lening aangaan nie en vertrou slegs op God se tyd en voorsiening! **Kyk net hoe het Hy al voorsien!!!!**
Ons vra nie fondse vir **Plek van Restorasie** nie, want die Here sal die fondse **op Sy tyd** stuur. Hy gebruik mense, maar **Sy gees alleen kan mense oortuig**, nie ons nie. Ons besef dit en daarom moet ons net ons visie soos Nehemia **aan die volk bekend maak**.

**Ons besef net een ding:** Satan weet wat hier besig is om te gebeur, en hy **HAAT** dit! Hy probeer ons spoed breek, hy bring twyfel, hy probeer ons werk omvêr werp. **Daarom, net 1 groot versoek asseblief: BID ASSEBLIEF VIR HIERDIE PROJEK!!!**

# Seëngebed!



Vader, baie van ons moes groot storms trotseer die jaar wat verby is en nou staan ons voor 2013. Ons weet nie wat hierdie jaar inhou nie, maar ons weet dat ons elke storm sal kan deurstaan omdat ons 'n **Anker** het! Sommige van ons is moeg na liggaam en gees en roep U aan in Gees en in Waarheid om ons aan te doen met nuwe krag. Ons wil op U wag vir nuwe krag en verkwikking, want U is ons bron van krag.

Vader, in die Naam van U Seun, Jesus die Christus, wil ons elke mens seën wat nou hier lees. Vou hom/haar toe met U beskerming, liefde, guns, krag en vervul hul hartsbegeertes wat volgens U wil is.

Dankie dat ons weet dat alles moontlik is as ons glo. Here, ons GLO vandag dat U ingryp in elke situasie wat vir ons onmoontlik lyk en dat ons nou vrede kry en weet U is in beheer! **AMEN!**

# www.crossroad-ministries.co.za

**BANKBESONDERHEDE VAN KRUISPAD:**

**CROSSROAD GOSPEL MESSAGE**
**FIRST NATIONAL BANK**
CHEQUE ACCOUNT: **62355533540**
BRANCH CODE: **250053**

Dankie vir elkeen wat gee om hierdie groot opdrag suksesvol en in uitnemendheid uit te voer!

**Wat is jou getuienis?**
**Deel dit met ons!**
**E-pos, Skryf of Fax jou getuienis vir ons!**